

BOEKRESENSIES

C J A Vos (red) *Proclaim the Gospel*, Produksie: Etoile 1994. Prys: R47,00. Verkrygbaar by Lux Verbi, Hatfield

Te midde van 'n menigte publikasies oor die prediking en evangelisasie vandag en wat die mees-uiteenlopende standpunte voorstaan, is dit te verwelkom dat ons tans 'n nuwe publikasie het op die terrein van prediking en evangelisasie wat 'n wegwys wil wees, wat nuwe insigte na vore wil bring en tegelyk 'n koers wil aanwys. In die onderhawige publikasie het die redakteur saam met ander Suid-Afrikaanse skrywers, asook twee bekende skrywers uit die VSA, saamgewerk om 'n paar belangrike riglyne te bied.

In hierdie boek word die volgende hydraes gebied:

1. A word being heard, H J C Pieterse
2. The contribution of a new rhetoric of Perelman and Olbrechts- Tyceta- I A Nell
3. The rhetoric mode of preaching - C J A Vos
4. The rise of narrative preaching - T G Long (VSA)
5. The biblical writers as poets and artists - T G Long (VSA)
6. Service evangelism - R S Armstrong (VSA)
7. Building up a missionary local church - M Nel

In 'n tweede deel bied elkeen van bogenoemde outeurs, behalwe I A Nell 'n preek, waarin getrag is om iets van hulle aksente in die artikels, na vore te bring. Van Armstrong is twee preke opgeneem.

In sy artikel beklemtoon Pieterse die besondere rol van die hoorders in hulle situasie in die hele proses van preekvoorbereiding. Hy volg 'n hermeneuties-kommunikatiewe benadering. Dit verwys na die interpretasie van Bybelse tekste en hulle kommunikasie in die prediking op 'n dialektiese wyse. Hy sê as alles gedoen word, kan mens vertrou "that the words of the preacher will be a word being heard by the listeners when the Holy Spirit uses our stuttering utterances in his name" (bl 3).

Hy skryf dat die hermeneutiek die tradisie (skrif en tradisie) en situasie (kontemporêre) verbind. Hy toon aan dat daar 'n groot verskil is tussen die wêreld van die prediker en dié van die hoorders. Daarom werk hy by die prediking nie met 'n oorbrugging van twee wêrelde - te wete die teks en die hoorders - nie, maar van drie wêrelde: die teks, die hoorders en die prediker.

I A Nell teken kortliks die standpunte van twee Nederlandse ondersoekers op die terrein van die retoriek. Dit gaan oor 'n teorie van argumentering in "colloquial language". Hulle bied 'n beskrywing van die tipes argumentasie wat

sukcesvol in die praktyk blyk te wees. Hulle ondersoek diskoersiewe tegnieke wat help om stof wat aangebied word, beter te laat aanhaak of beter te laat vashou. Hulle gryp terug na die klassieke retoriek en beoordeel dit en dialektiek as 'n geheel. Hulle betrek die gehoor en wil 'n bepaalde effek bereik. Die spreker moet hom aanpas, ja, identifiseer met sy gehoor. Daar word aspekte van die retoriek geïdentifiseer wat belangrik is vir die prediking.

T G Long (no 4). Hy neem Augustinus se drie doelwitte met prediking, te wete: leer, behaag en oorreed, wat weer ooreenkom met die verstand, gevoel en die wil/etiese aksie. Long wys uit dat die klem die afgelope twintig jaar in die VSA geval het op die behaag/"delight".

Die toepassing in die praktyk van die prediking as "delight" is beliggaam in die narratiewe prediking. Die narratiewe prediking kom in verskillende vorms na vore. Tans word weer aandag aan die leer gegee.

T G Long (no 5). Hy toon aan dat daar reeds twee "rewolusies" in die Bybelse interpretasie was, te wete: die historiese kritiek en die teologiese kritiek. Hy onderskei tans 'n derde rewolusie wat hy noem skrywers as digters en skrywers. By onder andere die volgende word stilgestaan: "plot"-patrone, herhalingsterminologie, onderbroke terminologie en intertekstualiteit. Hy sien dit as 'n uitdaging vir die prediker.

R S Armstrong (no 6). Hy meen daar is verskillende metodes van evangelisasie en sê dat dit verkeerd is om sy beklemtoning van "service evangelism" as nog 'n metode te beskou. Hierdie term sien nie op 'n metode nie, maar op 'n styl, wat op enige metode gebruik kan word. Hy noem 'n aantal belangrike premises vir sy "service evangelism".

M Nel (no 7). Hy sluit nou aan by Armstrong. Vir die opbou van 'n missionêre gemeente stel hy duidelike teologiese uitgangspunte vir die praktyk. Hy wys daarop dat die hele liggaam groei en homself opbou. Die mense moet hulle gawes gebruik en dit bring mee die klem op die Heilige Gees. Ten slotte spel hy die moeilike weg van die opbou van 'n missionêre gemeente uit.

C J A Vos (no 3). By die ander verdienstelike artikels word hier enigsins meer aandag gegee aan hierdie artikel. In 'n sterk wetenskaplik verantwoorde wyse van aanbieding, soek hy die teologiese vertrekpunt vir 'n hoorder-situasie-ingestelde prediking.

Teenoor ander wyses van benadering stel hyself saam met andere 'n "circular" of kommunikatiewe model voor. Dit beteken die preek kom nie uit 'n monologiese afleiding van 'n teks nie, maar vloei voort uit die interaksie tussen prediker, gehoor en tema (teks). Die prediker en hoorder is betrokke by die hele proses van dialoog met die huidige situasie en al die stemme van die Christelike tradisie.

In die benadering word die wat van die preek as 'n eenheid gesien met die hoe en die waarom.

Voor die skrywer kom by die ondersoek van die antieke retoriek en dit besien in die lig van die nuwe ondersoeke en benaderings, stel hy eers sy teologiese vertrekpunte duidelik. Die groot belang van die artikel is dat hy nie slegs die klassieke retoriek afskiet nie, maar dit ernstig bekyk, die lig van verskillende nuwe ondersoekers daarop laat val, en soek hoe om dit, saam met al die nuwe kennis oor en insigte in die werking van die prediking, vir die prediking volgens sy model diensbaar te maak. Hierdeur het hy nie alleen die diskussie rondom die gebruik van die retoriek vir die prediking weer gestimuleer nie, maar dit ingebou as een van die fasette van kommunikasie van die preek.

Ten opsigte van die preke in die tweede deel, is dit te verwelkom omdat die skrywers daarin hulleself probeer rekenskap gee van die toepasbaarheid van die standpunte in die teorie gestel. Almal wil aktueel, eietyds, direk en funksioneel wees. In wisselende graad het hulle daarin geslaag. 'n Preek is nou eenmaal 'n gebeure voor 'n lewende gehoor en wat op hulle afgestem is, en waarby hulle betrokke is.

Die boek word hartlik aanbeveel.

A C Barnard

A C Barnard, *In die kragveld van die Woord en die Gees*. Produksie: Etoile 1994. 480 pp. Prys: R59,00. Verkrygbaar by Lux Verbi, Hatfield.

Die boek van prof A C Barnard bestryk 'n rykdom prakties-teologiese temas. Verskillende temas kom in die blik: die amp, die prediking, die erediens en gemeentebou, die liturgiek, die kybernatiek. In die slotbeweging word die onontbeerlikheid van die Pneumatologie vir die kerk benadruk. Al hierdie verskillende opstelle konsentreer op die gemeente in die kragveld van die Woord en die Gees. Die eerste indruk van die boek is dat ons hier 'n gerypte (leer)meester aan die woord het. Die indruk word bevestig wanneer die twaalf opstelle noukeurig gelees word.

Voordat die verskillende opstelle aan die bod kom, kan sonder vrees vir enige teëspraak gesê word dat die boek in 'n lang verwagte behoefte voorsien. Sake word hier aangesny wat vir die praktiese teologie en die kerk van hoë waarde is. Ek kan my voorstel dat teoloë, predikante (en lidmate) hulle gaan verlustig in die spys wat hier aangebied word. Wat dadelik opval, is die deeglike manier waarmee prof Barnard met sy teks omgaan. Hy versorg dit noukeurig en stiptelik. Hiervan getuig

onder andere sy magdom literatuurverwysings. Hy versamel nie net oud kampioene om die kryt nie, maar hy is self in aksie. Prof Barnard interpreteer, teologiseer integreer en konkretiseer. Dit alles doen hy met groot vaardigheid. Daar het byna nie 'n boek verskyn nie of prof Barnard dra daarvan kennis.

Wanneer die verskillende opstelle van nader bekyk word, kan hoë waardering vir al die opstelle uitgespreek word. Dit herinner my nogal aan die uitstekende opstelle van prof J Firtet, Spreken als een leerling. In dié bundel word op soortgelyke voortreflike wyse geteologiseer. Prof Barnard se pastorale aanslag wat dwarsdeur sy boek resoneer, kom al in die eerste opstel aan die bod. Hy pleit met reg vir pastorale sorg aan ampsdraers. In 'n uitstekende opstel word die pleit voltrek. Verskillende aspekte rondom die amp word indringend behandel. Elkeen wat in die amp staan kan net baat by die opstel. Dit behoort grondig bespreek en oordink te word. In die Afrikaanse literatuur oor die prediking is daar nog nie eintlik iets oor die pastorale prediking gepubliseer nie. Ons is in die opsig aangewys op veral die Duitse literatuur. Professor Barnard het nou op 'n uitnemende wyse in die gebrek voorsien. Die insig dat die pastorale prediking in die pastoraat ingebed is, open die weg vir die preek na die pastorale dinamiek van die gemeente. Die insigte van Walter Brueggemann sou ook sinvol by die Psalms as model van pastorale beraad ingevoeg kon word. Prof Barnard open ons oë opnuut vir die pastorale momente van die preek.

In sy opstel oor Bybelmatige prediking behandel professor Barnard op 'n verhelderende wyse die hermeneutiese en homiletiese aspekte van die preek. Na my mening verklaar die skrywer met reg dat die boodskap van die Bybel oor God se bemoeienis met en sorg aan die mens handel. Professor Barnard kon miskien die verhouding tussen die Ou- en die Nuwe Testament meer geskakeerd beskryf het. As hy verder verklaar dat God vir mense deur die preek heen in toenemende mate 'n werklikheid word, en dat Hy beslag lê op hulle lewens en die groot verandering tot stand bring, kan daar nie met hom verskil word nie.

Saam met die geboue wat omhoog rank en onder wolke rook sug, is die kerk in die middestad. Die opstel oor prediking in die middestad, open insigte wat vir die bediening in die middestad onontbeerlik is. Professor Barnard stel ons aan lewende mense in die middestad voor. Mense met hulle lied en leed. Juis aan dié mense moet die blye tyding verkondig word. Hierin help die skrywer die kerk in die middestad op 'n voortreflike wyse. Gemeentebou is 'n populêre tema in die kerk. Die groot gevaar is dat gemeentebou van die erediens geïsoleer word. Professor Barnard dui aan dat en hoe die preek en gemeentebou soos 'n naelstring aan mekaar verbind is. Hy maak dit glashelder dat en hoe gemeentebou ook in die erediens moet funksioneer. Dit sal net baat as teoloë en predikante hierdie siening ernstig opneem.

Professor Barnard het hom reeds as die leidende en gesaghebbendste liturg in die land gevestig. In die boek doen hy sy posisie eer aan. Daar is verskeie uitstekende opstelle oor die liturgiek in die boek. Die aankondigings/afkondigings in die erediens word indringend en oortuigend behandel. 'n Noodsaaklike historiese perspektief word ook gebied. Die opstel oor die simboliek is beslis een van die hoogtepunte in die boek. Indien daar aandag aan van die weloorwoë opmerkinge van professor Barnard gegee word, sal dit die viering in die eredienste merkwaardig bevorder. Daar is in die Afrikaanse literatuur oor die skuldbelydenis en genadeverkondiging nog nie so indringend en verhelderend geskryf nie. Professor Barnard wys historiese en teologiese riglyne vir die liturgie aan om sodoende reg aan die liturgiese handeling te laat geskied. Die opstel oor sang in die erediens lewer 'n eietydse en noodsaaklike bydrae oor die himnologie. Daar is geen saak op die gebied wat nie aangeraak word nie. Dit is net die hand van 'n meester wat dit kan doen.

Die opstel oor die kybernetiek bied talle praktiese-teologiese insigte en uitsigte. Vir die gemeente is die regering, leiding, bestuur en versorging van die allergrootste belang. Met die oog hierop bied professor Barnard uitstekende leiding. Om net twee voorbeelde te gee. Die bespreking van die skema vir beplanning en organisasie is grondig en praktykgerig. Die modelle van gemeentestrukture en bedieningspatrone is uiters verhelderend. Elke predikant en lidmaat behoort die opstel oor die amp van die predikant te lees en te oordink. 'n Mens kom onder die indruk van die broosheid en afhanklikheid van diegene in die amp, maar ook van die genade van God wat juis sulke mense gebruik. Saam met die skrywer kan ons bid: "Kom, Skeppergees, deurwaai u kerk!".

Die boek is van hoë wetenskaplike gehalte. In die boek is daar 'n onuitputlike prakties-teologiese rykdom. Die leser sal net verryk word deur die boek met aandag te lees. Die vlot en helder geskrewe teks maak dit 'n leeservaring. Ek beveel die boek van harte aan.

C J A Vos

D Bebbington, *Patterns in History: a Christian perspective on historical thought*, Baker Book House, Grand Rapids 1990, 219 pp.

Hierdie publikasie, afkomstig van 'n baie prominente evangeliese teoloog en kerkhistorikus uit die Britse eilande, bied waarskynlik een van die mees bruikbare oorsigte oor die geskiedenis van geskiedskrywing en geskiedfilosofie met die oog op die opleiding van veral kerkhistorici.

David Bebbington is dosent in die Geskiedenis aan die Universiteit van Stirling in Skotland. Hy het sy akademiese opleiding aan die Cambridge universiteit ontvang en hy is die outeur van verskeie belangrike boeke en artikels.

In agt hoofstukke handel Bebbington oor 'n verskeidenheid van belangrike kwessies in hierdie gesprek. Die volgende sake kom ter sprake: wat is geskiedenis; sikkiese geskiedenis; Christelike geskiedenis; die progressie-idee; die filosofie van historiografie; die sin van geskiedenis. Hy sluit sy boek af met 'n baie bruikbare epiloog waarin hy die ontwikkelinge sedert die verskyning van die eerste uitgawe van hierdie boek in 1979 uitlig. Daarmee slaag hy om die gesprek minstens tot by 1990 op datum te bring. Ten slotte word 'n baie waardevolle boekelys met aanvullende leesstof aan die publikasie toegevoeg.

Hierdie publikasie is waarskynlik die beste Engelstalige oriënterende perspektief op die filosofie en metodologie van geskiedenis en wel geskryf vanuit 'n Christelike perspektief. Dit is in helder en duidelike taal en styl geskryf en moeilike kwessies word op 'n gemaklike wyse aan die orde gestel. Bebbington se analyses en interpretasies van 'n verskeidenheid van sake is eweneens verhelderend.

Allesins 'n baie aanbevelenswaardige publikasie beide vir die student en dosent in die kerkgeskiedenis en algemene geskiedenis.

J W Hofmeyr

M A Noll, *Between Faith and Criticism: Evangelicals, scholarship and the Bible*, Apollo, Leicester 1991, 271 pp.

Hierdie publikasie deur een van die mees prominente en belowende nuwe geslag kerkhistorici in Noord-Amerika is reeds die tweede uitgawe. Die eerste uitgawe is in 1986 gepubliseer maar in hierdie nuwe uitgawe word die jongste ontwikkelinge bygevoeg en kommentaar wat op die eerste uitgawe ontvang is, word geïntegreer. Die saak waarmee hierdie publikasie sigself besighou is die van skrifstudie en skrifbeskouing binne die kringe van diegene wat 'n evangeliese teologie aanhang.

Mark Noll bied allereers 'n verantwoording oor die temas en stellinge waarmee hy hom gaan besighou, asook 'n aantal definisies. Vervolgens gaan hy in vyf hoofstukke die historiese spore van die evangeliese stroming tot by sy 19e eeuse wortels na. Hy behandel onderskeidelik die periodes 1880 - 1900; 1900 - 1935; 1935 - 1974 en 1974 tot op hede. As 'n kontrole-poging bekyk hy ook die evangeliese stroming in die Britse konteks en hy trek dan ook bepaalde vergelykings tussen die Britse en die Amerikaanse situasie. Interessante temas wat in hierdie historiese oorsig aan die orde kom is onder andere die sogenaamde Presbiteriaanse debat en

die rol van die Princeton Theological Seminary in die verband; die groeiende akademiese professionalisering; die opkoms van fundamentalisme; die groter klem op akademiese verantwoording; die plek van evangeliese kritiek en die rol van die Inter-Varsity Fellowship in Brittanje.

In vier verdere hoofstukke handel hy oor die verskillende standpunte binne die geledere van evangeliese denkers; huidige onsekerhede binne die gesprek; 'n beoordeling en toekomsblik asook 'n epiloog oor voortgaande tendense.

Noll wat 'n leerstoel in kerkgeskiedenis aan die bekende Wheaton College bekleed, is die outeur van 'n verskeidenheid van belangrike kerkhistoriese boeke en artikels. Hy is sekerlik een van die mees prominente nuwe geslag kerkhistorici in die V S A en ook met die onderhawige publikasie stel hy nie teleur nie. Trouens, dit is waarskynlik een van die beste 20e eeuse oorsigte van sy soort.

J W Hofmeyr